# DIE ROL VAN ALWYN SCHLEBUSCH IN DIE TOTSTANDKOMING VAN DIE NUWE POLITIEKE BEDELING, 1978 - 1983

JS Rademeyer[1]

The failure of apartheid as National Party policy to solve the racial problems facing South Africa, saw the implementation of exciting new ideas within the Party in addressing these problems in the late 1970s.

During the period from 1978 to 1983, being part of the so-called PW Botha-era, many political changes occured in order to establish a new political dispensation acceptable to all South Africans involved. The active participation of Alwyn Schlebusch in the establishment of this new dispensation can be traced throughout this period. His assistance in Botha's coming to power, his chairing of certain committees, commissions and councils as well as his inspiring speeches regarding political reform boosted the National Party in its initiatives.

The reform initiatives of the National Party led to rapid changes within the white political structure in South Africa. Certain adaptions to the constitution led to the abolishment of the senate, the introduction of the President's Council and the unique appointment of a deputy state president, a post awarded to Schlebusch. The biggest split within the National Party since 1948, the forming of the Conservative Party as a result thereof and the first federal congress of the National Party since 1961, also materialised during this struggle for a new political dispensation.

All these changes were initiated by the National Party's enthusiasm in solving the country's racial problems. The establishment of this new political dispensation did not solve the problem as a whole, but the period 1978-1983 forms an integral part of political reform in its entirety in attending to this crucial problem. In the build-up to the new political dispensation Alwyn Schlebusch used his authority to build important relationships in order to find a suitable solution to this lingering problem facing South Africa.

## 1. INLEIDING

In die politiek kom daar gereeld tye van vernuwing, tye wanneer diegene aan die roer van sake en die instellings waarin hulle dien, herskik word en nuwe gesigte na vore kom wat met varsheid, nuwe dryfkrag en 'n nuwe aanslag die hedendaagse probleme aanpak; ook al kom die probleme van ver af.[2] In die Suid-Afrikaanse politiek was 1978-1983 só 'n tydperk.

1 Departement Geskiedenis, Universiteit van die Noorde, Qwaqwa-kampus.
2 **Die Burger**, 7 Oktober 1980.

Gedurende hierdie tydvak het die Nasionale Party met nuwe idees en nuwe dryfkrag vorendag gekom in 'n poging om die kleurvraagstuk, 'n alomteenwoordige probleem in die Suid-Afrikaanse politieke geskiedenis, deur middel van staatkundige hervorming te besleg. Met dié hervormingsinisiatiewe het die Nasionale Party sy reputasie en sy politieke toekoms op die spel geplaas.[3] Daar is egter binne die party self besef dat die toekoms van die land slegs verseker sal kan word deur politieke hervorming wat noodwendig 'n nuwe politieke bedeling tot gevolg sou hê.

Binne hierdie proses wat gedurende 1978 - 1983 'n hoogtepunt bereik het, het individue na vore gekom wat die belange van die land en die Nasionale Party bo hul eie belange gestel het. Hierdie politici het besef dat die kleurvraagstuk, wat met die ontwikkeling van die apartheidsgedagte sedert 1948 'n steeds groeiende probleem vir die regering ingehou het, slegs deur middel van politieke hervorming suksesvol aangespreek kon word. Een van hierdie individue was Alwyn Schlebusch wat op sy beskeie manier 'n groot rol in die totstandkoming van die nuwe politieke bedeling gespeel het.

Schlebusch, wat in verskeie kringe as 'n verligte lid van PW Botha se kabinet gesien is,[4] het onder baie moeilike omstandighede aktief begin meewerk om die Nasionale Party se strewe na 'n nuwe staatkundige bedeling te verwesenlik. In 1978 het hy onder die donker wolk van die Inligtingskandaal die portefeulje van Minister van Binnelandse Sake by dr. Connie Mulder oorgeneem. Die volgende jaar het hy ook Jimmy Kruger as Minister van Justisie vervang. Albei hierdie ministeriële ampte is van buite die Nasionale Party met agterdog bejeën, veral in die lig van die omstredenheid van Schlebusch se voorgangers in hierdie ampte. Met die intrapslag was Schlebusch dus reeds onder druk om te bewys dat hy die twee departemente se naam in ere kon herstel.

Die kleurvraagstuk wat regdeur dié tydperk fyn verweef is met die soeke na 'n nuwe staatkundige bedeling, was reeds 'n geruime tyd in die Suid-Afrikaanse politiek teenwoordig. Die grondwet wat Suid-Afrika met Uniewording in 1910 van Brittanje geërf het, was blind ten opsigte van etnisiteit.[5] Eers na 1948 het die Herenigde Nasionale Party gepoog om 'n eie, nuwe beleid, gebaseer op aparte ontwikkeling en rasseskeiding, te volg.

---

3 Dirk en Johanna de Villiers, **PW**, p. 204.
4 **The Star**, 15 April 1980.
5 JA du Pisani, **Divided or United Power**, p. 33.

## 2. DIE HANTERING VAN DIE KLEURVRAAGSTUK IN SUID-AFRIKA, 1945 - 1978

Die 1948-verkiesing is voorafgegaan deur 'n felle stryd tussen die Verenigde Party en die Herenigde Nasionale Party oor die kleurvraagstuk. Albei partye het kort voor die verkiesing deur middel van kommissies ondersoek ingestel na sekere aspekte van hierdie vraagstuk. Die Fagan-kommissie is destyds deur generaal Jan Smuts ingestel om sekere wette wat betrekking het op swartes in en om stedelike gebiede, die paswetstelsel en die indiensneming van gasarbeiders in myne en ander nywerhede te ondersoek. Hierdie ondersoek en die verslag wat daarop gevolg het, moet teen die agtergrond van die Tweede Wêreldoorlog se invloed op die verstedelikingsproses van die swart mense gesien word.[6] Met die aanstel van die Fagan-kommissie onder voorsitterskap van regter HA Fagan wou generaal Smuts 'n vroeë politieke oorwinning oor die Herenigde Nasionale Party behaal deur die kleurvraagstuk vir eens en vir altyd uit alle politieke debatvoering te haal. Generaal Smuts se tydsberekening was egter nie goed nie, want die Fagan-verslag is te laat aan die Verenigde Party voorgelê vir gebruik in die 1948-verkiesingsveldtog.

Gedurende die Tweede Wêreldoorlog het dr. DF Malan reeds besef dat die Herenigde Nasionale Party slegs 'n volgende algemene verkiesing kon wen indien hy dit met 'n konkrete beleid ten opsigte van die kleurvraagstuk kon voer. In 1943 stel Malan 'n Kommissie van Ondersoek aan om die party se beleid ten opsigte van die kleurlinge in Kaapland te ondersoek. Kort na die voorlegging van dié kommissie se verslag word die kommissie 'n volgende taak, onder voorsitterskap van Paul Sauer, opgelê. Dié taak was om 'n beleid vir die Herenigde Nasionale Party ten opsigte van die kleurvraagstuk in sy geheel op te stel. Uit die verslag van die Sauer-kommissie, ook heel gepas genoem die Kleurvraagstuk-kommissie[7], het 'n apartheidsbeleid ontstaan waarmee die party die 1948-verkiesing met vertroue tegemoet kon gaan.

Die gevoel van Afrikaner-nasionalisme, wat sedert die Tweede Wêreldoorlog sterk na vore getree het, het daartoe gelei dat Afrikaners 'n groter gevoel van sekerheid en sekuriteit in die Sauer-verslag gevind het as wat

6 A Wessels, et al., **Die invloed van relevante kommissie-verslae sedert Uniewording op regeringsbeleid ten opsigte van swart verstedeliking en streeksontwikkeling**, p. 53.

7 Wessels, p. 105.

met die Fagan-verslag die geval was.[8] Vir Afrikaners wat na twee vryheidsoorloë, 'n rebellie, 'n depressie en twee wêreldoorloë nog in die proses van nasiebou was[9], was die apartheidsgedagte van die Sauer-verslag meer aanvaarbaar as die Verenigde Party se Fagan-verslag. Die Fagan-verslag het onder meer daarop gewys dat die toestroming van swartes na die stede op 'n ekonomiese grondslag gebaseer is. Hoewel dit gerig en gereguleer kon word, kon dit volgens die Fagan-verslag nie voorkom word nie, en moes dit as 'n feit aanvaar word. Vir die oorgrote meerderheid van die Afrikanervolk was hierdie stelling onaanvaarbaar, omdat dit 'n bedreiging vir hul soewereiniteit ingehou het.

Die onverwagte oorwinning van die Herenigde Nasionale Party in die 1948-verkiesing het tot gevolg gehad dat die apartheidsbeleid wat deur die Sauer-kommissie daargestel is, onder dr. Malan se leierskap geïmplementeer kon word. Daar was nou 'n konkrete beleid vir die kleurvraagstuk in die Suid-Afrikaanse politiek.

Met verloop van tyd het bedenkinge oor apartheid as wetgewingvorm binne Nasionale Party-geledere begin posvat. Tien jaar nadat hy die bloudruk vir apartheid daargestel het, spreek Paul Sauer hom in 'n openbare toespraak sterk uit teen die toepassing van apartheidswetgewing en wys hy op die nadelige gevolge wat dit vir die land kon inhou. Hy bepleit politieke hervorming wat beter verhoudinge tussen alle bevolkingsgroepe in die land tot gevolg sal hê en verwerp apartheid as alternatief hiervoor. In 1960 slaan Sauer 'n soortgelyke trant aan toe hy as waarnemende Eerste Minister[10] 'n toespraak op Humansdorp hou. In sy toespraak veroordeel hy die Sharpeville-onluste en bepleit hy 'n nuwe benadering vir die kleurvraagstuk binne die blanke politieke spektrum. Hoewel Sauer deur dr. Verwoerd as gevolg van sy toespraak oor die kole gehaal is, het hierdie uitlatings die ontsettende politieke spanning in die land gebreek en politici, onder andere ook 'n groot aantal Nasionaliste, met ander oë na apartheid laat kyk.[11]

In 1969 lewer adv. BJ Vorster 'n toespraak in die Senaat waarin hy na die kleurvraagstuk verwys as "'n ontplofbare situasie in die hande van die Suid-

---

8 Wessels, p. 120.
9 Onderhoud met AL Schlebusch, Oktober 1992, te Kroonstad.
10 Sauer het as Eerste Minister waargeneem terwyl dr. Verwoerd aangesterk het nadat David Pratt 'n aanslag op sy lewe gemaak het.
11 D en J de Villiers, Paul Sauer, pp. 135-7.

Afrikaanse regering".[12] Hy wys daarop dat 'n tuislandbeleid vir die swart mense hierdie probleem gedeeltelik kon oplos, maar 'n aanvaarbare beleid vir die kleurlinge en Indiërs nog gevind moes word. Die oplossing vir hierdie probleem sou, volgens Vorster, ook nie oornag gevind kon word nie. Deur 'n formaat daar te stel, kon die Nasionale Party egter 'n goeie begin in hierdie proses maak.

In 1973 is die Erika Theron-kommissie aangestel om die kleurlingkwessie indringend te ontleed. Teen hierdie tyd was dit vir die Nasionale Party duidelik dat 'n vorm van politieke hervorming, wat op die oplossing van die kleurvraagstuk gemik was, moes plaasvind. Die Erika Theron-kommissie is gesien as die begin van die mees ingrypende proses van grondwetlike ontwikkeling in Suid-Afrika sedert 1961. Dié kommissie het sy aanbevelings in 1976 aan die regering voorgelê. Een van die aanbevelings wat deur die regering aanvaar is, is dat daar van die Westminster-regeringstelsel afgewyk moes word.[13] Die regering se verwerping van die Erika Theron-kommissie se aanbevelings oor die afskaffing van sekere apartheidswette het tot groot ontevredenheid in kleurlinggeledere gelei en byna veroorsaak dat die Nasionale Party se hervormingsinisiatiewe 'n kinderdood gesterf het. 'n Kabinetskomitee onder voorsitterskap van PW Botha is kort hierna in die lewe geroep om die aanbevelings van die Theron-kommissie indringend te ondersoek. Dit het verseker dat die Nasionale Party se hervormingspogings die momentum behou het wat deur die werksaamhede van die Theron-kommissie daargestel is.

Die Kabinetskomitee, ook genoem die Botha-komitee, het in voortsetting van die taak van die Erika Theron-kommissie voorstelle voorgelê wat deur die kabinet goedgekeur is. Die 1977-voorstelle, soos die voorstelle van die Botha-komitee bekend gestaan het, het voorsiening gemaak vir 'n uitvoerende staatspresident, 'n raad van kabinette en drie parlemente, een elk vir blankes, kleurlinge en Indiërs. Volgens Schlebusch het die 1977-voorstelle reeds 'n vorm van magsdeling bevat[14], 'n feit wat later ten sterkste deur adv. Vorster en dr. Andries Treurnicht ontken is. Die 1977-voorstelle het ook voorsiening gemaak vir 'n Presidentsraad wat in die plek van die senaat tot stand sou kom en op 'n veelrassige basis saamgestel is. Hoewel die 1977-voorstelle deur sowel die kleurlinge as die Indiërs verwerp is, het 'n gevoel ontstaan dat die Nasionale Party die regte denkwyse begin volg het om die kleurvraagstuk suksesvol aan te

---

12 **Debatte van die Senaat**, 4 Maart 1969, kolom 351.
13 Video: **Professor Richard van der Ross: Baanbreker en brugbouer** (VID 1009, UOVS Biblioteek).
14 Onderhoud met Schlebusch.

spreek. Die 1977-verkiesing het getoon dat die Nasionale Party oor 'n groot genoeg magsbasis beskik om met sy hervormingsinisiatiewe voort te gaan, want met hierdie verkiesing het die Nasionaliste die grootste oorwinning in hul bestaan behaal.[15]

Na die verkiesing het politieke noodsaak en aandrang op hervorming van binne die Nasionale Party gedwing om die rol van 'n middelparty te begin vervul.[16] Na links is dit met welslae gedoen, maar die somtydse oorywer om sy regterflank te beskerm, het die party van sy geloofwaardigheid laat inboet en steun op die gebied laat verloor.

## 3. ALWYN SCHLEBUSCH SE TOETREDE TOT DIE STRYD OM 'N NUWE POLITIEKE BEDELING TOT STAND TE BRING

Na die groot sege in die 1977-verkiesing het die Nasionale Party se hervormingsinisiatiewe in momentum begin toeneem. Met adv. Vorster se bedanking as eerste minister moes 'n nuwe nasionale leier vir die Nasionale Party aangewys word. Dit is in hierdie verkiesingstryd wat Schlebusch baie sterk na vore getree het.

Schlebusch het, in teenstelling met van sy politieke kollegas, betreklik stil opgang in die politiek, en spesifiek in die Nasionale Party, gemaak. Hoewel hy as LPR, volksraadslid, adjunk-speaker, speaker en in die twee portefeuljes as minister voor 1978 homself deeglik laat geld het, het hy eintlik eers in 1978 tot sy politieke reg gekom.

Tydens die premierskapstryd tussen PW Botha en dr. Connie Mulder het Schlebusch 'n baie ongewone stap geneem deur 'n tradisie van steun-geheimhouding vir kandidate in verkiesings binne die kabinet te verbreek.[17] Hy het in die openbaar sy steun aan Botha toegesê, omdat hy Mulder nie as 'n bekwame leier gesien het nie. Deur die Vrystaatse parlementslede oor te haal om ook vir Botha te stem, het Schlebusch die knoop deurgehaak en het Botha vir Vorster as eerste minister opgevolg. Dat daar tussen Schlebusch en Botha verskille was, is nie te betwyfel nie. Deur die politiek het hulle egter nader aan mekaar beweeg, omdat hulle op dié terrein dieselfde aspirasies gekoester het.

---

15 Die Nasionale Party het met die 1977-verkiesing 85% steun van die Afrikanervolk gekry, terwyl 33% van die Engelssprekende blankes hul steun aan die party toegesê het.

16 **Rapport**, 9 Augustus 1992.

17 **The Star**, 27 Augustus, 1980.

Sedert Botha in September 1978 aan bewind gekom het, het Schlebusch een van die mees prominente kabinetslede geword.[18] Die belangrike taak wat aan hom in die soeke na 'n nuwe politieke bedeling vir Suid-Afrika opgelê is, is 'n klinkende bewys hiervan.

## 4. DIE SCHLEBUSCH-KOMMISSIE VAN ONDERSOEK

Kort nadat PW Botha in 1978 tot eerste minister verkies is, verskyn die 1977-voorstelle, soos gewysig, in die vorm van konsepwetgewing[19] op 30 April 1979 in die Staatskoerant. Die konsepwetgewing het, net soos die 1977-voorstelle, 'n Raad van Kabinette voorgestel waarin die blankes, kleurlinge en Indiërs in 'n sekere getalsverhouding sou dien.[20] Beide die kleurlinge en Indiërs het die bedeling ingevolge die 1979-konsepgrondwet verwerp. Nog voordat dit die eerste keer in die parlement voorgelees kon word, is die hele aangeleentheid na 'n Gesamentlike Komitee van die Parlement, onder voorsitterskap van Schlebusch, verwys. Later in 1979 is hierdie komitee in die Kommissie van Ondersoek na die Grondwet omgeskep.[21] Op 4 Julie 1979 is Schlebusch deur die staatspresident as voorsitter van hierdie kommissie (hierna genoem die Schlebusch-kommissie) aangewys. Die aanstelling van die Schlebusch-kommissie is vanuit vele oorde met afwagting begroet, terwyl daar uit ander oorde kritiek op die kommissie was nog voordat dit met sy werksaamhede begin het.

Die doel van die Schlebusch-kommissie was om ondersoek in te stel na en verslag te doen oor die invoer van 'n nuwe grondwet vir die Republiek van Suid-Afrika.[22] Vroeg in die 1980-parlementsitting het PW Botha op 'n vraag waarom die Schlebusch-kommissie aangestel is, die volgende geantwoord: "Dit is juis aangestel om, onder meer, 'n voorstel wat die Nasionale Party-regering ingedien het, te bespreek".[23]

---

18 **Die Transvaler**, 26 Augustus 1980.

19 Gedurende Januarie 1978 is Schlebusch deur advokaat Vorster versoek om die 1977-voorstelle in konsepwetgewing te verwerk. Voordat Schlebusch egter hierdie taak kon afhandel, het Vorster as eerste minister bedank en is hy deur PW Botha opgevolg. JPC Mostert, **Die Suid-Afrikaanse krisis-perspektiewe op die grondwetlike bestel**, p. 41.

20 **Staatskoerant van die Republiek van Suid-Afrika**, no. 6386, 3 April 1979.

21 Die aanbeveling dat die komitee in 'n kommissie omskep moes word, is deur die komitee self, by monde van Schlebusch, gedoen. Die rede hiervoor is die feit dat die komiteelede van mening was dat 'n ondersoek na die aangeleentheid eers gedurende die parlementreses sou kon plaasvind, waarvoor 'n kommissie wat uit die lede van die komitee bestaan, beter toegerus is.

22 **Tussentydse verslag van die Kommissie van Ondersoek oor die Grondwet**, p. 3.

23 **Debatte van die Volksraad**, kolom 208, 6 Februarie 1980.

Die doel voor oë was baie duidelik, maar die uitvoer van hierdie taak was 'n belangrike proses, juis omdat die kommissie een van die belangrikste opdragte in die land se geskiedenis op hul agenda gehad het.[24] 'n Deurbraak in hierdie opsig kon 'n waterskeiding in die rekonstruksie van die Suid-Afrikaanse politieke toekoms teweegbring.

### 4.1 Samestelling van die kommissie

Die Schlebusch-kommissie het bestaan uit lede van alle politieke partye in die parlement wat baie gedoen het om die eensydige siening van die Nasionale Party, volgens die opposisiepartye, oor staatkundige veranderings in die land te verander. Anders as die Erika Theron-kommissie het die Schlebusch-kommissie egter net uit blankes bestaan, 'n feit wat sterk kritiek uit vele oorde ontlok het.

Die Schlebusch-kommissie het uit 24 lede vanuit albei huise van die parlement, dit is die volksraad en die senaat, bestaan. Volksraadslede en senatore uit die Nasionale Party, die Nuwe Republiek Party en die Progressiewe Federale Party is in die kommissie opgeneem, wat volgens die regering 'n proporsionele verteenwoordiging van alle partye binne die parlement bevestig het. Hierdie "proporsionele verteenwoordiging" in die kommissie het verskeie blanke groeperings buite die Nasionale Party tevrede gestel, maar onder die anderskleuriges is die kommissie met agterdog bejeën.[25] Dit sou 'n besonderse poging van die kommissie verg om hierdie groeperings tot ander insigte te bring oor die hervormingsinisiatiewe wat binne die kommissie beslag gekry het.

### 4.2 Werksaamhede van die kommissie

Tussen Julie 1979 en Mei 1980 het die Schlebusch-kommissie oor 'n wye front getuies dwarsoor die Republiek aangehoor. Sittings is op 13 dae gehou, 214 memoranda is aan die kommissie voorgelê en getuienis van 61 persone is aangehoor, waarvan 'n skriftelike weergawe meer as 1 500 getikte bladsye beslaan het.[26]

Op 23 Julie 1979 het die kommissie sy taak met die aanhoor van getuienis begin. Reeds met die eerste sitting het Schlebusch sterk na vore getree deur die

24 **Die Transvaler**, 9 Julie 1979.
25 **Daily Dispatch**, 17 Januarie 1980.
26 **Tussentydse verslag van die Kommissie van Ondersoek oor die Grondwet**, p. 4.

wyse waarop hy die kommissie gelei het. Nadat die kleurlinge en die Indiërs hulself van die werksaamhede van die kommissie vergewis het, het, in die woorde van Schlebusch, "die kommissie baie welwillendheid onder die leiers van hierdie twee gemeenskappe geskep".[27] Die meeste van die getuies wat deur die kommissie aangehoor is, het die Nasionale Party se konsepgrondwet veroordeel[28] en het die gedagte gesteun dat die swart volkere van Suid-Afrika ook by 'n grondwetlike oplossing betrek moes word.

Gedurende hul werksaamhede van tien maande het die kommissie die getuienis van verskeie politieke partye, politici, akademici en sakelui vanuit alle bevolkingsgroepe aangehoor. Al hoe meer instansies het met verloop van tyd na vore getree om 'n bydrae te probeer lewer en juis dít het baie moed vir die toekoms gegee.[29] Een van die gedagtes wat voor die kommissie geopper is, en baie aanklank gevind het, was dié van professor Ben Vosloo, Hoof van die Departement Staatsleer en Publieke Administrasie aan die Universiteit van Stellenbosch. Hy het gesê 'n beter verhoudingsklimaat is een van die belangrikste voorvereistes vir die ontplooiing van 'n funksionele konstitusionele bedeling.[30] Op grond hiervan het professor Vosloo 'n konstitusionele raad of komitee voorgestel om uitsluitsel te kry oor 'n nuwe grondwet. Hierdie raad of komitee kon as opvolgaksie op die Schlebusch-kommissie dien, maar moes uit alle bevolkingsgroepe saamgestel word.

Professor Vosloo se voorstel het baie met die Nasionale Party se voorstel aangaande 'n Presidentsraad ooreengestem[31]. Die idee van 'n veelrassige raad om Suid-Afrika se konstitusionele toekoms te beplan, het derhalwe al sterker in die binnekringe van die Nasionale Party na vore getree.

### 4.3 Die tussentydse verslag van die kommissie

Reeds gedurende Januarie 1980, terwyl die kommissie nog druk besig was met die aanhoor van getuies, het Schlebusch laat deurskemer dat die kommissie nog voor die einde van die parlementsitting van daardie jaar 'n tussentydse aanbevelingsverslag sou voorlê. Op 6 Mei 1980 is die Schlebusch-kommissie se verslag, wat uit vele oorde met groot afwagting ingewag is[32], aan die

27 **Beeld**, 24 Julie 1979.
28 **Sunday Express**, 20 Januarie 1980.
29 **Rapport**, 20 Januarie 1980.
30 **Die Transvaler**, 18 Januarie 1980.
31 **Die Burger**, 18 Januarie 1980.
32 **Financial Mail**, 2 Mei 1980.

staatspresident voorgelê.

Die tussentydse verslag het aanbevelings aan die parlement voorgelê wat wyduiteenlopende reaksie tot gevolg gehad het. Die verslag het van die standpunt uitgegaan dat: "Die Westminster-stelsel van regering, sonder aanpassing, nie 'n oplossing bied vir die staatkundige probleme van die Republiek nie en dat die sogenaamde een-man-een-stemstelsel binne die huidige staatsbestel sal lei tot die oorheersing van minderhede oor meerderhede ... en nie 'n raamwerk verskaf waarbinne 'n vreedsame naasbestaan binne die Republiek moontlik is nie; daar in die proses van die ontwerp van toekomstige staatkundige strukture so wyd as moontlik met en tussen alle bevolkingsgroepe oorleg gepleeg en beraadslaag moet word ten einde die aanvaarbaarheidsvlak te verhoog."[33]

In sy verslag het die kommissie ook aanbeveel:

* dat die senaat met ingang van 1981 afgeskaf word sonder dat dit noodwendig 'n eenkamerparlement impliseer;
* dat 'n Presidentsraad in die plek van die senaat tot stand kom;
* dat 'n visestaatspresident op 'n proporsionele basis benoem word;
* dat die volksraad met 20 lede vergroot word;
* dat 'n swart adviserende raad gestig word en
* dat die voorgenome Presidentsraad as 'n adviserende liggaam moet funksioneer.[34]

Die aanbevelings van die Schlebusch-kommissie het 'n gespreksforum geskep waarvolgens toekomstige onderhandelinge oor 'n nuwe politieke bedeling kon plaasvind. Die aanbevelings het egter skerp kritiek, veral vanuit die geledere van die Progressiewe Federale Party, ontlok, hoofsaaklik as gevolg van die weglating van die swartes uit die voorgenome Presidentsraad. Vanuit kleurling- en Indiërgeledere is hierdie siening sterk ondersteun. Die swart leiers, met hoofman Mangosuthu Buthelezi aan die voorpunt, het die voorgestelde swart adviserende raad ten sterkste afgekeur om sodoende hierdie deel van die Nasionale Party se hervormingsplan in die kiem te smoor.

Die Nasionale Party het die riglyne wat die Schlebusch-kommissie deur sy

33 Tussentydse verslag van die Kommissie van Ondersoek oor die Grondwet, p. 4.

34 GDJ Duvenhage, Die Eerste Verslag van die Presidentsraad. 'n Ondersoek na die waarde van Geskiedenis, p. 29.

voorstelle neergelê het as weë waarlangs antwoorde gesoek kon word, gesien.[35] Die regering het die aanbevelings aanvaar, omdat dit in wese nie veel van die Nasionale Party se 1977-voorstelle verskil het nie. Die regering se aanvaarding van die meerderheidsverslag van die Schlebusch-kommissie het die weg vir die implementering en funksionering van die Presidentsraad gebaan, maar dit het ook die kloof tussen die regering en die regse groeperings in sy geledere aan die een kant, en tussen die regering en die swart bevolkingsgroepe aan die ander kant, laat verdiep.

## 5. DIE INSTELLING VAN DIE PRESIDENTSRAAD

Afgesien van die kritiek teen die aanbevelings van die Schlebusch-kommissie het die regering se aanvaarding van die kommissie se meerderheidsverslag tot 'n wysiging in die Suid-Afrikaanse grondwet gelei. In Junie 1980 is die *Vyfde Wysigingswet van die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika* deur die parlement aanvaar. Dit het die weg gebaan vir die instelling van die Presidentsraad wat hom met die bestudering van die moontlikhede vir 'n volslae nuwe grondwet sou bemoei.

Een van die vernaamste aanbevelings wat uit die ondersoek van die Schlebusch-kommissie gespruit het, was dié met betrekking tot die aanstelling van 'n visestaatspresident. Dit het gepaardgegaan met die aanbevelings van die kommissie oor die instelling van 'n Presidentsraad, waarvan die visestaatspresident die voorsitter sou wees. In vergelyking met derglike ampte in ander wêrelddele sou die amp van visestaatspresident van Suid-Afrika swak vergelyk[36], maar in 'n Suid-Afrikaanse konteks gesien, was dit ampsgewys 'n belangrike posisie, aangesien die amp nou betrokke was by die ondersoek na 'n nuwe politieke bestel vir Suid-Afrika.

### 5.1 Die aanstelling van 'n visestaatspresident

Die aanwysing van 'n visestaatspresident is in regeringskringe gesien as 'n klein treetjie op die pad van Suid-Afrika, maar 'n groot sprong om die ideaal van vreedsame naasbestaan tussen verskillende bevolkingsgroepe te verwesenlik.[37] Die regering het hiermee laat deurskemer hoeveel waarde aan hierdie amp geheg is, in die lig van die politieke hervormingsproses waarmee die

35 **Nat 80's**, Maart 1981, p. 2.
36 Onderhoud met Schlebusch.
37 **Die Volksblad**, 6 Oktober 1980.

Nasionale Party op dié tydstip besig was.

Op 6 Oktober 1980 is 'n spesiale sitting van die parlement gehou waartydens die visestaatspresident aangewys en ingehuldig is. Die sitting is as 'n blote formaliteit gesien[38], aangesien daar reeds binne die Nasionale Party eenstemmigheid was dat Schlebusch hierdie amp sou beklee. As regerende party was dit vanselfsprekend dat dié amp vanuit Nasionale Party-geledere gevul sou word. Teen hierdie agtergrond beskou, was dit duidelik dat die parlementsitting van 6 Oktober nie lank sou duur nie, aangesien Schlebusch se aanstelling teen daardie tyd reeds feitlik gefinaliseer was.

Die aanwysing van Schlebusch as visestaatspresident was van groot historiese waarde vir die Nasionale Party se hervormingsinisiatiewe. Nie net was dit die begin van 'n konsensus- en versoeningspolitiek nie, maar dit het ook gepaard gegaan met die amptelike totstandkoming van die Presidentsraad met die visestaatspresident as voorsitter.[39] Schlebusch se aanstelling het 'n kabinetskommeling teweeggebring in 'n poging om die Nasionale Party se inisiatiewe meer vaartbelyn te maak.

### 5.1.1 Die pligte van die visestaatspresident

Kort na sy aanstelling as visestaatspresident het Schlebusch in 'n onderhoud gesê dat sy hoofdoel in hierdie amp was om leiding te neem in die Presidentsraad, asook om ondersoek in te stel na 'n toekomstige grondwet vir Suid-Afrika.[40] In sy amp as visestaatspresident sou Schlebusch ook as waarnemende staatspresident moes optree indien die staatspresident om een of ander rede nie in staat was om sy plig na te kom nie. In só 'n geval sou Schlebusch nie as voorsitter van die Presidentsraad optree nie. 'n Waarnemende voorsitter sou vir dié tydperk aangewys moes word.[41]

Met sy aanwysing in dié amp het Schlebusch die eerste en enigste visestaatspresident tot op hede in die Suid-Afrikaanse geskiedenis geword. Hierdie amp is juis geskep ten einde die kleurvraagstuk in Suid-Afrika in 'n bepaalde rigting te stuur. Dit het dus deel van die grondwetlike veranderingsproses uitgemaak. In 'n toespraak vroeg in 1981 het PW Botha dan ook gesê dat die

---

38 **Die Transvaler**, 6 Oktober 1980.
39 B Pottinger, **The imperial presidency**, p. 100.
40 **Pretoria News**, 7 Oktober 1980.
41 KJ De Beer, "Die historiese ontwikkeling van die RSA-grondwet (Mei 1910 - Mei 1983)", in **Joernaal vir Eietydse Geskiedenis**, Desember 1983, p. 58.

veranderings wat plaasvind nie as die finale grondwet gesien kon word nie, want grondwetlike veranderings is 'n proses wat oor etlike jare kan strek.[42] Die aanstelling van 'n visestaatspresident moes gesien word as 'n eenmalige aanstelling[43] met die doel om rigting te gee aan die politieke hervormings-inisiatiewe van die Nasionale Party. Die kleurvraagstukdilemma is nou grootliks in die hande van die visestaatspresident geplaas in die hoop dat hy en sy Presidentsraad dit sou kon besleg.

Die amp van visestaatspresident was uiteraard 'n prestige amp wat tot die status van die nuutgestigte Presidentsraad bygedra het, maar ongelukkig was dit ook 'n amp wat ingeboude weersprekings tot gevolg gehad het. Endersyds was die visestaatspresident veronderstel om 'n onpartydige en formele rol soos dié van die staatspresident te vervul; andersyds was hy die voorsitter van 'n liggaam wat oor baie kontroversiële sake, byvoorbeeld 'n nuwe konstitusionele bedeling, uitsluitsel moes gee.[44] In hierdie opsig het die visestaatspresident 'n uiters moeilike taak gehad om te vervul. Met sy aanstelling in hierdie prestige amp is Schlebusch se deelname aan aktiewe partypolitiek beëindig.[45] Voortaan sou hy 'n objektiewe, onpartydige rol moes vertolk om die ondersoek na 'n nuwe politieke bedeling suksesvol en tot bevrediging van 'n wye spektrum van politieke denke te laat geskied.

## 5.2 Samestelling van die Presidentsraad

Die Presidentsraad is saamgestel uit die voorsitter, Schlebusch, en sestig lede wat deur die staatspresident aangewys is. Die raad is in vier werksgroepe verdeel, naamlik die Ekonomiese Sakekomitee, die Beplanningskomitee, die Komitee vir Gemeenskapsverhoudinge en 'n Grondwetkomitee.[46] Die gedagte waarvolgens hierdie komitees op die been gebring is, is dat daar binne kleiner eenhede meer doeltreffend gefunksioneer kon word.[47] Die belangrikste komitee vir die grondwetlike hervorming was die Grondwetkomitee onder voorsitterskap van dr. Denis Worrall, wat die taak van die Schlebusch-kommissie binne die Presidentsraad oorgeneem het.

---

42 **PW Botha-versameling** (PV 203) PS 2/12/1.

43 Schlebusch het die amp van visestaatspresident tot 3 September 1984 beklee, toe die eerste Presidentsraad se dienstermyn verstryk en die pos van visestaatspresident verval het. Onderhoud met Schlebusch.

44 Onderhoud met Schlebusch.

45 Onderhoud met Schlebusch.

46 Later is daar ook 'n vyfde komitee, die Wetenskaplike Komitee bygevoeg. Pottinger, p. 100.

47 **Die Volksblad**, 9 Mei 1980.

Die samestelling van die Presidentsraad is vanuit vele oorde buite die Nasionale Party gekritiseer. Die Progressiewe Federale Party het die Presidentsraad geboikot omdat geen swart Suid-Afrikaners in die raad opgeneem is nie.[48] In antwoord hierop het Schlebusch gesê dat daar oor die posisie van die stedelike swartes reeds diep, maar nog nie finaal, gedink is nie en dat daar in die Presidentsraad opnuut daaroor besin sou word.[49] Die geskil oor die uitsluiting van swartes uit die Presidentsraad het verder uitgekring toe vooraanstaande swart Suid-Afrikaanse leiers die swart adviserende raad, soos aanbeveel deur die Schlebusch-kommissie, verwerp het.

Professor Richard van der Ross het beweer[50] dat die regsgesindes binne die blanke politieke sfeer die Presidentsraad en sy samestelling verwerp het, aangesien dit tot rasse-integrasie en magsdeling sou lei. Die term "magsdeling" was in daardie stadium 'n groot strydpunt binne die Nasionale Party. Die konserwatiewe element binne die party het dit as 'n bedreiging vir die voortbestaan van die Afrikaner gesien. Vanuit swart geledere is daar gesê dat die Presidentsraad in sy huidige vorm die kloof wat daar reeds tussen swart en wit in Suid-Afrika bestaan het, verder sou verdiep.[51] Die Engelse pers het hierdie standpunt ondersteun deur die Nasionale Party skerp te veroordeel vir sy volgehoue rassisme en onbereidwilligheid om die regte van die swartes te erken.

Die feit dat die blanke konserwatiste en liberaliste, die Arbeidersparty, die Engelse pers en die swartes die Presidentsraad en die samestelling daarvan afgekeur het, het die Nasionale Party nie van stryk gebring in sy strewe na 'n nuwe grondwet nie. Hoewel Schlebusch daarop gewys het dat daar nog nie finaal na die kwessie van die stedelike swartes gekyk is nie, moes die kleurlinge en Indiërs se konstitusionele probleme daadwerklik voorkeur geniet. Die rede hiervoor was die feit dat hulle nie, soos die swartes, oor hul eie tuisland beskik het nie, maar een vaderland met die blankes gedeel het.[52] In hierdie gesamentlike vaderland het hulle egter nie veel seggenskap gehad nie. Dit het tot groot onenigheid en ontevredenheid binne die kleurling- en Indiërgemeenskappe gelei.

---

48 **The Friend**, 8 Oktober 1980.
49 **Beeld**, 8 Junie 1980.
50 RE Van der Ross, **The rise and decline of apartheid**, p. 351.
51 **Rand Daily Mail**, 7 Oktober 1980.
52 Onderhoud met Schlebusch.

Die samestelling van die Presidentsraad moes, veral deur die persone aan wie se verwagtinge nie voldoen is nie, gesien word as 'n vertrekpunt op pad na 'n nuwe bedeling.[53] Schlebusch het die feit dat die raad op 'n nie-politiese basis saamgestel is, as een van die groot redes vir die noue samewerking tussen die lede van die raad uitgewys. Hoewel die samestelling van die raad nie aan almal se verwagtings voldoen het nie, was daar tog 'n mate van hoop dat hierdie liggaam positiewe resultate sou oplewer om 'n groter mate van gelykheid in die Suid-Afrikaanse politieke stelsel teweeg te bring.

## 5.3 Funksie van die Presidentsraad

Die hoofdoel van die Presidentsraad was, volgens PW Botha, om navorsing te doen, getuienis in te win, dit te verwerk en te bestudeer. Aanbevelings moes vervolgens aan die regering gemaak word oor sekere verkose aangeleenthede, of aangeleenthede waaroor die raad deur die staatspresident gevra is om aanbevelings te maak.[54] Hierdie navorsing, die aanhoor van getuies en die verwerking en bestudering van feite sou direk betrekking hê op moontlikhede vir 'n nuwe politieke bedeling.

In sy hoedanigheid as staatspresident het Marais Viljoen op 3 Februarie 1981 met die opening van die eerste sessie van die eerste Presidentsraad gesê dat die belangrikste doel met die Presidentsraad was om 'n nuwe staatkundige bedeling vir die groepe wat in die raad verteenwoordig was, naamlik blankes, kleurlinge en Asiërs, uit te werk. Volgens Viljoen moes dié bedeling:

- vir die groepe aanvaarbaar wees, effektiewe deelname verseker en hul regmatige aspirasies bevredig;
- voorsiening maak vir eie beskikking oor sake van spesiale groepsbelang en vir medebeskikking oor sake van algemene belang; en
- 'n stabiele, doeltreffende en ordelike samelewing in Suid-Afrika verseker.[55]

Oorlegpleging was dus die sleutelwoord in die Presidentsraad. Deur die Presidentsraad as basis te gebruik, kon oorlegpleging intensief plaasvind met die totstandkoming en implementering van 'n nuwe politieke bedeling as doelwit. 'n

53 **Die Vaderland**, 12 Mei 1980.
54 **Skietgoed**, 17 Maart 1982.
55 **Die Transvaler**, 4 Februarie 1981.

Nuwe politieke bedeling vir kleurlinge en Asiërs was sonder twyfel een van die ingrypendste prioriteite van die Presidentsraad.[56] Dit was van groot belang dat die Presidentsraad hierdie funksie suksesvol moes deurvoer, want dit was juis hier, en nie in die latere driekamerparlement nie, dat die bilaterale samesprekings sy beslag gekry het.

Die Presidentsraad is in die eerste plek daargestel om te besin oor die politieke toekoms van die kleurlinge en Indiërs. Die tweede opdrag wat aan die raad gegee is, was om die getuienis wat die Schlebusch-kommissie ingewin het, te evalueer. Hierdie taak is binne die Presidentsraad aan die Grondwetkomitee oorgedra. Hierdie komitee moes dus die taak van die Schlebusch-kommissie, naamlik die soektog na 'n nuwe politieke bedeling, meer indringend benader en verder voer.

### 5.4 Die Grondwetkomitee van die Presidentsraad

Die sukses van die Presidentsraad as instelling is in 'n groot mate bepaal deur die werksaamhede van die Grondwetkomitee, aangesien hierdie komitee beskou is as die meesterbrein agter die Presidentsraad se poging om 'n aanvaarbare nuwe bedeling in die Suid-Afrikaanse politiek tot stand te bring.

Die eerste Grondwetkomitee onder voorsitterskap van dr. Denis Worrall het uit 16 lede bestaan.[57] Soos verwag, is heelwat kritiek teen die samestelling van hierdie komitee gelewer. Sommige kritici was van mening dat daar te veel lede met partypolitieke bande in die komitee was en te min politikoloë.[58] Komiteelede se ervaring op plaaslike bestuurs- en grondwetlike vlak het egter hul insluiting in die komitee geregverdig. Die komitee het die behoefte aan hervorming as die kern van hul taak gesien en daarop gewys dat die behoefte voortspruit uit die feit dat blanke Suid-Afrikaners 'n politieke monopolie gehad het wat betref die uitvoerende gesag in die land.[59] Die komitee moes dus 'n oplossing vind vir hierdie probleem wat die kleurvraagstuk in wese verder aangevuur het.

Na 17 maande van ondersoek het die Grondwetkomitee in Mei 1982 sy eerste verslag aan die Presidentsraad voorgelê. Die komitee het ses moontlike

---

56 **Die Vaderland**, 2 Desember 1980.
57 Die komitee van sestien het bestaan uit dertien blankes, twee kleurlinge en 'n Indiër.
58 T Cameron, **Nuwe geskiedenis van Suid-Afrika in woord en beeld**, p. 314.
59 **Die eerste verslag van die Grondwetkomitee van die Presidentsraad**, p. 13.

alternatiewe, van totale partisie enersyds tot totale integrasie andersyds, vir Suid-Afrika op 'n nasionale basis geformuleer. In die lig van die Suid-Afrikaanse politieke omstandighede het die Grondwetkomitee in sy verslag die voortsetting van die heersende amptelike beleid ten opsigte van die swartes, gekombineer met 'n konsosiatiewe stelsel wat blankes, kleurlinge en Asiërs insluit, voorgestel.[60]

Hoewel die regering se reaksie op die komitee se voorstelle eers meer as twee maande later amptelik tydens 'n federale kongres in Bloemfontein bekend gemaak is, was die aanduidings reeds daar dat die Nasionale Party die voorstelle sou aanvaar. Binne die Presidentsraad self is die verslag met 'n oorweldigende meerderheid goedgekeur. Die voorstelle is egter vanuit ander oorde met gemengde gevoelens ontvang. Die Progressiewe Federale Party het in aansluiting by hul voortdurende kritiek op die Presidentsraad die raad se standpunte aangaande partisie ten sterkste veroordeel. Net soos die regse groeperings binne die blanke politiek het die Progge ook hul bedenkinge uitgespreek oor die presidensiële stelsel soos deur die komitee voorgestel[61] en dit as "diktatoriale magte van die Staatspresident" verwerp.[62]

Vanuit kleurlinggeledere is die voorstelle deur sommige leiers verwelkom. Hulle het dit as die eerste werklike geleentheid beskou om medeseggenskap te bekom. Ander leiers het die kleurling se voorgestelde posisie verwelkom, maar die partisie-idee ten opsigte van die swartes as 'n voortslepende apartheidsideologie afgemaak. Binne die Arbeidersparty het die voorstelle 'n besef laat ontstaan dat hul weiering om met die Presidentsraad saam te werk vir hulle 'n moontlike agterstand teenoor ander partye in kleurlinggeledere kon inhou, indien hierdie voorstelle aanvaar en in wetgewing omgesit sou word.

Sommige kritici het die verslag as te akademies van aard gesien, maar dit nietemin as 'n ideologiese deurbraak op die gebied van konstitusionele verandering aanvaar.[63] By sommige Suid-Afrikaners het dit 'n gevoel van afwagting geskep.

60 P Hugo en H Kotzé, **Suid-Afrika: Oorlewing in politieke perspektief**, p. 97.
61 In sy verslag het die Grondwetkomitee voorgestel dat meer uitvoerende gesag aan die amp van staatspresident verleen moes word.
62 JH Coetzee, "Die Presidentsraad se aanbevelings" in **Woord en Daad**, Augustus 1982, p. 5.
63 N Stultz, "Constitutional engineering in South Africa" in **Journal of Contemporary African Studies**, April 1983, p. 294.

## 5.5 Alwyn Schlebusch se aandeel in die Presidentsraad

Hoewel die Presidentsraad in baie moeilike omstandighede begin funksioneer het en self die pad vorentoe moes vind, het dit met verloop van tyd erkenning, selfs van vroeëre kritici, geniet.[64] Die Presidentsraad se suksesvolle dienstermyn kan hoofsaaklik toegeskryf word aan die wedersydse vertroue wat tussen die lede van die raad ontstaan het asook die professionele wyse waarop dit deur Schlebusch gelei is. Daar is die hoogste waardering vir die wyse waarop Schlebusch daarin geslaag het om die Presidentsraad saam te snoer, die saak steeds voorop te stel, asook vir die billike, waardige en regverdige wyse waarop hy die raad gelei en bestuur het. Sy optrede het nie alleen sy statuur as visestaatspresident bevorder nie, maar ook die status van die Presidentsraad bevestig.[65]

Onder Schlebusch se leiding het die Presidentsraad tot 'n hegte eenheid gegroei. As voorsitter van die raad het Schlebusch gesê dat niks wat in die volksraad deur die eerste minister gesê word die raad in sy beraadslagings of aanbevelings sou beïnvloed nie.[66] Dit was 'n sprekende voorbeeld van die feit dat die Presidentsraad as 'n outonome liggaam funksioneel was en hom nie deur enige buite-instansie, nie eens die volksraad, laat voorskryf het nie. Met die objektiwiteit wat kenmerkend van regslui is, het Schlebusch 'n gelykwaardigheidsgevoel onder alle lede van die Presidentsraad laat posvat. Die raad was wel gelaai in dié sin dat die meeste van sy lede regeringsgesind was, maar hier kon lede vrylik oor die kleurgrens en politieke skeidslyn heen, onder die beskerming van die raad, hul menings lug. 'n Sterk eenheidsgevoel het binne die raad tussen mense van verskillende kleurgroepe en politieke sieninge ontstaan. Slegs in uitsonderlike gevalle is 'n voorstel of verslag van een van die Presidentsraad se komitees nie eenparig aanvaar nie.[67]

Die suksesse wat die Presidentsraad onder Schlebusch se leiding behaal het, kan duidelik in statistiek oor dié liggaam waargeneem word. In die vier jaar wat die Presidentsraad onder Schlebusch se leiding gefunksioneer het, is baie meer in wetgewing op grondwetlike gebied vermag as in die tydperk sedert 1983.[68] Die Grondwet van 1983 het tot stand gekom na vele ondersoeke en baie beplanning, waarin die Presidentsraad 'n groot rol gespeel het. Sedert 1983 het

64 Onderhoud met Schlebusch.
65 Nat 80's, Mei 1982, p. 5.
66 Onderhoud met Schlebusch.
67 Onderhoud met Schlebusch.
68 Onderhoud met Schlebusch.

baie veranderings plaasgevind om die kleurvraagstuk aan te spreek, maar geen definitiewe wetgewing is tot en met 1993 ingestel wat grondwetlike veranderinge kon bewerkstellig nie. As bemiddelaar, binne 'n raamwerk van etniese en politieke verskille, het Schlebusch die Presidentsraad tot 'n eenheid gesmee wat as 'n bewys gedien het dat oplossings vir die land se politieke probleme wel oor die kleurskeidslyn heen gevind kon word.

## 6. SKEURING IN DIE NASIONALE PARTY, 1982

Binne die Nasionale Party het 'n broeiende konflik in 1982 tot uitbarsting gekom. Die kern van hierdie konflik was die kleurvraagstuk en die verskillende sienings oor die term "magsdeling" binne die party. Aangevuur deur persoonlikheidsbotsings tussen PW Botha en dr. Andries Treurnicht, leier van die party in die Transvaal, het die konflik in Februarie 1982 op die grootste skeuring sedert 1948 binne die Nasionale Party uitgeloop. Botha en Treurnicht het verskillende sienings gehad oor die toekomstige akkommodering van die kleurlinge in die Suid-Afrikaanse politieke bestel[69] en Botha se aanvaarding van die term "gesonde magsdeling".[70] Dr. Treurnicht en 'n groep van sy politieke volgelinge binne die Nasionale Party het die hervormingsinisiatiewe as onaanvaarbaar beskou en uit die party bedank. Later dieselfde jaar is die Konserwatiewe Party gestig met Treurnicht as leier. Die gevolge van die skeuring en die stigting van die Konserwatiewe Party het in die daaropvolgende jare deur middel van verkiesingsuitslae duidelik sigbaar geword. Die veld wat die Konserwatiewe Party gewen het, is 'n duidelike bewys dat die Nasionale Party se hervormingsinisiatiewe 'n groot waagstuk was.

## 7. DIE NASIONALE PARTY OP PAD NA 'N NUWE POLITIEKE BEDELING

Kort na die skeuring in die Nasionale Party het Schlebusch sy veelbesproke toespraak oor politieke hervorming gemaak. As geleentheidspreker tydens die Junior Rapportryerskongres op 2 April 1982 in Pretoria het Schlebusch die Afrikanervolk gemaan dat die tyd finaal aangebreek het om van alleenseggenskap in die politiek oor te gaan na medeseggenskap met die kleurlinge en Indiërs, nie net om die land se toekoms te bevestig nie, maar ook ter wille van

---

69 JJPW Meyer, **Die standpunte rondom die kleurlinge as 'n oorsaak vir die skeuring in die Nasionale Party 1977 - 1982**, p. 22.

70 Wat met hierdie terminologie bedoel word, was nooit heeltemal duidelik nie. Onderhoud met Schlebusch.

die voortbestaan van die Afrikanervolk. Schlebusch se toespraak, waarin hy homself sterk uitgespreek het ten gunste van magsdeling met die kleurling- en Indiërbevolkingsgroepe, het uiteenlopende reaksie tot gevolg gehad. Hoewel verskeie politici, onder andere Vorster en Treurnicht, hom skerp oor sy uitlatings gekritiseer het, het die *Sunday Times* sy "waterskeidingstoespraak" soos volg beskryf: "In an amazing speech Schlebusch returned to the language and the philosophy which 48 years ago cost General Hertzog his place in the Nationalist pantheon and drove him into the political wilderness ... The misguided faith in the importance of Afrikaner hegemony has finally vanished; in its place is a return to Hertzog's broad South Africanism."[71]

Die stof rondom Schlebusch se toespraak het eers werklik gaan lê nadat PW Botha dit in die parlement bespreek het. In sy toespraak sê Botha: "Hy (Schlebusch) het 'n toespraak voor 'n nie-politieke gehoor gelewer. Volgens my inligting is hy ongeveer 'n jaar gelede na hierdie nie-politieke byeenkoms genooi en die reëling van die byeenkoms het dus niks te doen gehad met die onlangse politieke gebeure nie. As 'n mens sy toespraak lees, kom 'n mens tot die gevolgtrekking dat hy nie in die minste daarop uit was om homself in die partypolitiek te begewe nie, maar dat hy eintlik 'n interessante lesing gehou het. Ek is bereid om sy woord daarvoor te aanvaar. Méér nog. Ek is bereid om hom te verdedig."[72] Met hierdie toespraak het Botha nie net sy steun aan Schlebusch toegesê nie, maar ook bewys gelewer dat die Nasionale Party in sy denke stewig op die pad van politieke hervorming was.

Nadat die Presidentsraadsverslag in diepte deur die kabinet bespreek is, het Botha 'n byeenkoms van alle Nasionale Party-koukuslede van die volksraad en die provinsiale rade belê om die kabinet aan te hoor. Hierdie beraad het agter geslote deure plaasgevind en al die aanwesiges is tot geheimhouding verbind. Botha se volgende belangrike stap was die byeenroep van 'n federale kongres van die party op 30 en 31 Julie 1982. Die hoofrede vir die kongres was om oor die aanbevelings van die Presidentsraad te besin. Hierdie kongres was 'n persoonlike triomf vir PW Botha. In sy openingsrede het hy sekere riglyne neergelê waarvolgens die Nasionale Party toekomstige grondwetlike onderhandelinge sou hanteer. Hierdie riglyne is met groot entoesiasme deur die kongresgangers ontvang en eenparig aanvaar. Met dié riglyne as basis kon die Nasionale Party nou met die kleurling- en Indiërleiers beraadslag met die oog op 'n nuwe politieke bedeling gebaseer op magsdeling. Met die neerlê van die

71 **Sunday Times**, 4 April 1982.
72 **Debatte van die Volksraad**, 15 April 1982, kolom 4628.

riglyne het Botha ook sy leuse gestand gedoen, naamlik "ontwikkel 'n totale strategie".[73] Beraadslagings wat tussen die betrokke bevolkingsgroepe gevolg het, het die 1983-grondwet, 'n totaal nuwe politieke bedeling vir Suid-Afrika, tot gevolg gehad. Hierdie nuwe bedeling het deur middel van magsdeling en medeseggenskap die kleurvraagstuk aangespreek.

## 8. SAMEVATTING

Hoewel die tydperk 1978 tot 1983 heelwat mylpale ten opsigte van die Suid-Afrikaanse konstitusionele geskiedenis bevat, moet dit gesien word as deel van die hervormingsproses in sy geheel. Tydens dié tydperk het PW Botha en sy volgelinge deur middel van die hervormingsproses die tradisionele Nasionale Party-beleid byna in sy geheel versaak[74]. Daar is radikaal afgewyk van die koers wat na die 1948-verkiesing ingeslaan is en apartheid moes plek maak vir 'n konsosiasie-demokrasie waarin die blanke sy politieke mag met die kleurling en Indiër gedeel het.

In die proses van omskakeling van apartheid na medeseggenskap in die Suid-Afrikaanse politiek het Alwyn Schlebusch met 'n groot mate van objektiwiteit leiding geneem en die rol van vredemaker tussen die betrokke partye vervul.[75] In die proses het Schlebusch sodanig gegroei dat hy vandag as deel van die totstandkoming van die nuwe politieke bedeling in die Suid-Afrikaanse politieke geskiedenis gereken word.

---

73 **PW Botha-versameling**, PV 203 (PS2/12), INEG.

74 DB Hauptfleisch, **Van apartheid tot konsensuspolitiek. 'n Politikologiese studie van beleidmaking en -ontplooiing onder die Nasionale Party vanaf 1948 - 1985**, p. 229.

75 **The Star**, 27 Augustus 1980.